**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 4 DESEMBER 2022**

# TWEEDE SONDAG VAN ADVENT

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***De Eike se kinders wat vandag hul jaarafsluiting hou***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Psalm 146:5-10; Jesaja 35:1-10;**
**Jakobus 5:7-10; Matteus 11:2-11**

| SONDAG, 4 DESEMBER | |
|---|---|
| | TWEEDE SONDAG VAN ADVENT<br>BIDDAG IN AANSLUITING BY WêRELDVIGSDAG |
| 09:00 | Oggenddiens – Ds Chris Barnardo<br>Doop<br>Deuroffer ten bate van: Christen-Vigsburo SA<br>Erediensspan 1 – Chris van Niekerk |
| 09:00 | Kleuterkerk en Kinderkerk - Afsluiting |
| 18:00 | Senior kategese - Afsluiting |
| **MAANDAG, 5 DESEMBER** | |
| | |
| **DINSDAG, 6 DESEMBER** | |
| | |
| **WOENSDAG, 7 DESEMBER** | |
| | |
| **DONDERDAG, 8 DESEMBER** | |
| 09:30 | Kuilsrivier Dienssentrum: Vrugtefees - Moedergemeente<br>Sopbeurte: Mary Abrahams, Paula Bester, Elmaré Burger, Elba Fourie, Christa Smit, Louis/Ester van Eeden |

| VRYDAG, 9 DESEMBER |
|---|
| |
| **SATERDAG, 10 DESEMBER** |
| |
| **SONDAG, 11 DESEMBER** |
| 09:00 Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Christelike Lektuur Fonds<br>Erediensspan 2 – Lorraine Louw |

# GEMEENTENUUS



1. Ons het die volgende lidmaatskappe ontvang:
   Súne Nel vanaf Kuilsrivier-Suid
2. Johan en Martie Joubert (Othello) het gister 3 Des hul 62ste huweliksherdenking gevier.
3. Banie en Judy Steyn (Klaradyn) vier 9 Des hul 60ste huweliksherdenking.
4. Die volgende baba word vanaoogend gedoop:
   Liné Nel, dogtertjie van Nico en Suné Nel
5. Gerda Nel (Sarphatipark) het slegte nuus oor haar gesondheid ontvang. Sy is dankbaar vir meelewing, ondersteuning en gebede, ook uit die gemeente.
6. Mariska Strydom (Graylingstraat) se pa, Jannie Theart (voorheen Paul Krugerstraat) is ernstig siek, voorbidding word gevra.
7. Retha Allers (Kareeboomlaan) het ‘n knie-operasie ondergaan en sterk tuis aan.
8. Theo Boshoff (Othello) is weer opgeneem in die Cape Gate Hospitaal.
9. Marlene Morkel, dogter van Riëtte en ds Johan Morkel, tree Saterdag 10 Desember in die huwelik met André van der Merwe.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ds Hannes Burger is tans met verlof.
2. **Sluiting van kerkkantoor:**
   Die kerkkantoor is oop tot Donderdag 15 Desember 2022 om 11:00.
   Heropen weer op Maandag 9 Januarie 2023 om 08:00.
3. Othello – Kerssangdiens Sondag 11 Desember 2022 om 18:00 in die eetsaal.
4. ‘n Spesiale kerkraadsvergadering word vanoggend na afloop van die oggenddiens gehou. Die doel is om ‘n derde afgevaardigde en sekundi aan te wys vir volgende jaar se Sinode Sitting.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER


**CHRISTEN-VIGSBURO SA**

Die Christen-Vigsburo vir Suidelike Afrika te Hugenote Kollege (CABSA) is in Julie 2001 gestig met die duidelike visie en missie om kerke en geloofsgemeenskappe in hulle respons op MIV en vigs te begelei deur voorsiening van inligting, sensitisering, mobilisering en die bevordering van netwerke. So word die visie van ‘n versorgende Christengemeenskap wat hoop en versoening bied aan mense wat met MIV en vigs leef en direk daardeur geaffekteer word, nagestreef.

Vir meer inligting oor hul werksaamhede, besoek hul webwerf www.cabsa.org.za.
Telefoon: 021 873 0028

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

04/12 Elaine Smith, Mariana Wilders, Johan van Rensburg, Francois de Kock, Marius Engels, Heinrich Buhr
05/12 Estelle Jooste
06/12 Edward Schäfer, Jandré du Raan, Surina Viljoen, Anita du Preez(90)
08/12 Gerhard Botha, Angelien Geldenhuys(81), Jan van Jaarsveld(84), Bertha Schreuder, Jeanette Louw, Le Grange Saayman
09/12 Clayton van Zyl, Tyan Odendal, Nico Nel
10/12 Amalia Maartens, Deolise Gresse



# KLERE EN VERE

Liewe Lidmaat

Hierdie ***getuienisaksie van De Eike*** kon vanjaar in verskeie gemeenskappe 'n yslike bydrae maak, omdat ***jy*** dit ondersteun het.
Baie dankie vir jou hulp en moeite om dit te laat gebeur!

Ons wens jou graag 'n baie geseënde en vreugdevolle Kersgety toe.

Groetnis
2 Vere

NS Totdat die kerkkantoor op 15 Desember sluit, ontvang ons steeds met waardering enige bydraes van klere, skoene, linne en speelgoed.

# DE EIKE KOSMANDJIE

Dankie dat jy hierdie omgee-aksie van De Eike die hele jaar so ruim ondersteun het! Totdat die kerkkantoor op 15 Desember sluit, ontvang ons steeds graag enige bydrae. Mag jou kosmandjie hierdie Kersfeestyd sommer boeppens staan van liefde en vreugde.

*Groetnis tot volgende jaar!*
DIE KOSMANDJIE

# AKSIE SAMARITAAN BORG - 'n - HAWELOSE

Kerstyd hou ons 'n spesiale afsluiting op 16 Desember van elke jaar. Die sopkombuis sluit dan tot die eerste week in Januarie van die volgende jaar, sodat vrywilligers kan rus en die werkers hulle jaarlikse verlof kan neem.

Dit beteken egter dat die daaglikse kliënte, wat afhanklik is van die sop wat hulle by die sopkombuis kry, vir drie weke kan honger ly.

Om dit te oorkom deel ons kospakkies uit by die kersafsluiting wat hulle kan help om die tydperk wat die sopkombuis gesluit is te oorleef.

Ons deel 150 kospakkies uit en die koste beloop ongeveer R600 per pakkie. Borg asb 'n hawelose as jy 'n verdienstelike saak soek.

Art 18(a) sertifikate is beskikbaar vir donasies **direk** aan Aksie Samaritaan.

Kontak die kerkkantoor of vir Jakkie by 082 453 3862 vir bankbesonderhede.

# TIENDEMAAND DANKOFFERS

Baie dankie aan almal wat reeds hul bydrae gegee het.

Daar is reeds 192 bydraes ontvang ten bedrae van R287 865. Ons doelwit is R325 000.

Koeverte kan steeds enige Sondag in die kollekte-mandjie geplaas word of per EFT oorbetaal word.

# BEAUTIFY KUILS RIVER MARK

**BEAUTIFY KUILSRIVER** hou ‘n **Alles Fees** (mark) om fondse in te samel om die werkers wat vir ons help om Kuilsrivier mooi te maak, te betaal.

**Wanneer:** Vrydagaand 9 Desember 2022

**Tyd:** 18:00 Tot 22:00

**Waar:** Munisipaliteit grond

Daar gaan regtig iets van alles wees, kom en ondersteun ons asb.

# NUUS VANUIT DIE KERKRAADSVERGADERING

- Tydens die kerkraadsvergadering van 23 November 2022 is die volgende persone gekies tot die kerkraad:
    - Erediensspanleier – Cedric Pretorius
    - Vrouelidmate Kommissie voorsitter – Alae Rootman

- Die volgende kerkraadslede sal ons gemeente verteenwoordig by die Wes Kaapland Sinode sitting 8-12 Mei 2022.
    - Elmari Schwenke-van der Walt
    - André Smook

- Vanaf volgende jaar gaan ons as gemeente weer een keer per maand na die oggenddiens saam kuier oor ‘n koppie koffie/tee.
  Die eerste datum sal later bekend gemaak word.

# PREEKSKETS



**TEMA – GELOOFSGEWOONTES**

[6]Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef,
en hy sal ook as hy al oud is
nie daarvan afwyk nie.

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Spreuke 22:6

1. **Inleiding.** Daar is een allesoorheersende saak waarvoor elke Christen-ouer te staan kom, naamlik die geestelike groei van ons kinders. Om dit te verduidelik kan sport as metafoor gebruik word om te verduidelik dat oefening in enige sport baie belangrik is. Net so is die inoefening van geloofsgewoontes nodig en belangrik vir ons geloofslewe.

2. **Maar wie is verantwoordelik hiervoor?** Ongelukkig is daar mense wat dink dat dit net die gemeente se verantwoordelikheid is. Tydens doopgesprekke hoor ek baie dat ouers vir my sê: *Is ons kinders se geestelike onderrig en die aanleer van geloofsgewoontes dan nie die kerk se verantwoordelikheid nie?* Vriende, die geestelike onderrig van kinders was nog nooit bedoel om beperk te word tot 'n enkele uur op 'n Sondag nie. Saam met kerkbywoning is geestelike onderrig ook bedoel om elke dag voor kinders deur hulle ouers en grootouers uitgeleef te word.

3. **Ons moet saam oefen.** Ons as gemeente wil aan julle vanoggend bevestig, dat ons saam met julle "Ja" geantwoord het op die dag met jul kind se doopbelofte. Ons as gemeente wil saam verantwoordelikheid neem vir hul geestelike opvoeding, hul geloofsgroei, hul dissipelskap en hul reis met God. Maar ons wil julle aanmoedig om jul doopbelofte te onthou en jouself weer toe te wy. Ons is vennote in julle kinders se geloof-reis, maar jul as ouers bly die persoon wat primêre verantwoordelikheid neem vir hul geloofsgroei.

4. **Slot.** Onthou: *[6]Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie.* Met die aanleer van geloofsgewoontes gebeur hierdie teks in jongmense se lewens. Kom ons oefen saam!.